



**Pitkos**

**12 April 2016**

Teksgedeelte: Jh 13: 31 - 35

Teksvers: Jh 13: 34

Tema: Jesus se mandaat: liefde!

*Braam Krüger*

Wat was dit wat gemaak het die volgelinge van Jesus so baie anders was as die wêreld waarbinne hulle geleef het? Dáárdie wêreld was een van haat, verdeling, twis, uitbuiting, onvrede en allerlei onderskeidings wat mense baie ver uitmekaar gehou het. Spanning en geweld en minagting tussen Jood en Griek, Romein en barbaar, man en vrou, vry en slaaf, barbaar en Scith (ekstreme barbaar) was aan die orde van die dag. Maar Jesus se volgers (kerk, of "Mense van die Weg") leef in vrede met mekaar. Hulle vorm 'n eenheid, wat hulle boodskap oor die hele destyds-bekende wêreld versprei en in harmonie saam bestaan. Kol 3: 11 stel dit só: "<sup>11</sup>...*waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in alma*" (1933-vertaling). Die kerk verkondig die opheffing van haat en

---

verdeelheid, en leef dit self uit. Dit is deel van die getuieniskrag van die vroeë kerk wat maak dat die Evangelie wêreldwyd versprei.

Dit kom na vore uit Jesus se menswording, offer aan die kruis en sy opstanding. Hy het na die aarde toe gekom om die kloof tussen God en mens te oorbrug, en die outomatiese resultaat is dat hulle wat in Hom glo, wat sy dissipels is, ook versoenend begin dink en optree.

Hoe belangrik hierdie lewensuitkyk in die lewe van 'n dissipel van Jesus is, blyk uit ons teksgedeelte. Hierdie woorde is deur Jesus gesê op sg *Maundy Thursday*. Mandaat Donderdag. "Maundy" kom van 'n Latynse woord waarin ons die Engelse "mandatory" terugvind. Of dan, mandaat in die sin van opdrag, doelwit. Jesus stuur sy dissipels die wêreld in met 'n mandaat: "<sup>34</sup>*Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.* <sup>35</sup>*As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is*". In Mt 28: 18 – 19 gee Hy 'n mandaat vir sy dissipels oor die wêreld daarbuite: ... gaan, maak dissipels... Maar sy mandaat aan die kerk is: Wees lief vir mekaar! Dit is só belangrik dat Jesus daarvoor bid in Jh 17: 21 – 22: "<sup>21</sup>*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.* <sup>22</sup>*Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is...*".

Dit is duidelik: Die grootste kenmerk van die kerk/dissipels is dat hulle liefde sal vevrtoon en uitleef. Nie net daarvoor praat nie, maar dit dóén soos Jesus dit gedoen het.

Dit laat ons met 'n vraag: Is jy lief, dóénlief, vir jou medegelowiges. Die mense in jou gemeente, maar ook ánder gelowiges wat dalk nie presies soos jy dink nie? Die liefde wat hier ter sprake is, is een wat vra: Sal jy sterf twv jou medegelowige? Sal jy jou lewe gee twv daardie een wat dalk nie dieselfde sosiale status as jy het nie? Of vir die alkoholis wat lewenslank 'n stryd voer teen die bottel? Of die een van 'n ander ras, wat dalk so bietjie op jou

---

senuwees werk, maar ook dissipel van Jesus is? Wat van daardie medelidmaat wat die oorsaak was dat jy geld verloor het? Ja, jy sien, geen wonder dat Jesus ons leer dat dit maklik is om “lief te wees” vir hulle wat aan jǒu goeddoen! Maar dit is presies wat ongelowiges ook doen! Die Fariseers het goed gedoen aan hulle wat aan hulle goed gedoen het. Maar Jesus leer ons: Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê! Soek aktief na liefde, vir die aanneemlikes en die onaanneemlikes. Dit onderskei ons van die wêreld!

Hoe sou jy sê vaar jy? Jy hoef nie vandag te gaan en jou lewe vir iemand te gee nie... Maar jy kan begin met die kleiner dingetjies... ‘n Oproep, ‘n belangstellende luister, ‘n bietjie uit jou pad gaan vir ‘n medegelowige. Random Acts of Kindness, noem ‘n ander gemeente dit (RAK). **Hoe vaar jy hierdie week?** Begin klein, die groter dinge sal vanself op jou pad kom!

Doen dit, omdat dít is wat die navolging van Christus is!

---